# DIE FORMULE

## No 4. Spioenasie Reeks



Gerrie Radlof

# DIE FORMULE

deur

**Dirk Lubbe**

'n Konferensie, bygewoon deur verteenwoordigers van al die groot moondhede van die wêreld, word in Kaapstad gehou om ruimtereise te bespreek. Die Amerikaners en Russe beskik onderskeidelik oor wetenskaplike gegewens wat, indien dit gepoel word, sodanige reise moontlik sal maak. Die sug na wêreldheerskappy, agterdog en vrees is egter sterker as die strewe na samewerking. Die Russe is meedoënloos in hul pogings om die Amerikaanse gegewens in die hande te kry. Kaapstad word die toneel van intrige, van knoeiery, van spioenasie — selfs van opsetlike moord.

Dit is die taak van die Suid-Afrikaanse Geheime Diens om te sorg vir die veiligheid van die onderskeie lande se afgevaardigdes en vir die veilige bewaring van lewensbelangrike dokumente. En op die voorpunt van hierdie veiligheidsveldtog staan Gerrit Fourie, in die omgang bekend as die Profeet, 'n man wat geen vrees ken nie, 'n man wat die grootste gevare trotseer en wat tot in die diepste skuilplekke van die vyand deurdring.

DIE FORMULE is 'n spioenasieverhaal, so spannend, so aangrypend dat dit 'n mens op die voorste rand van jou stoel laat sit as jy dit lees. Oud en jonk sal deur Gerrit Fourie se doodveragtende waagstukke beetgepak word.

**Prys: 12/6**

# 1

„DIT lyk amper na ’n olifantgeweer, Malenki,” merk die jong blondine lomerig op.

„Dit is bedoel vir groter wild, Sanka,” antwoord Malenki Sukof ongeërg.

„Maar wie is dit, Malenki?”

„Ek sê jou ek weet nie. Waarom sal hulle nou vir my sê — ons moet maar net bevele uitvoer, en hoor eers later wat dit is wat ons werklik uitgevoer het.” Onderwyl hy praat, het hy die geweer wat hy uit die lang, dun houtkissie op die agterste sitplek van die motor gehaal het, versigtig oor die voorste leuning geskuif. Eers het hy om hom heen gekyk, maar hy voel gerus dat daar niemand in die nabyheid is wat binne die motor kan sien nie. Hy strek nou sy lang bene behaaglik onder die stuurwiel uit. Tussen hulle houvas hy die massiewe geweer met die knaldemper wat die hele lengte van die loop strek.

„Dit is selfs die eerste keer dat ek hierdie geweer sien,” sê hy. „Ek oefen al ’n week lank met ’n stuk apparaat wat amper so lyk.”

„Hulle sê dat jy ’n besonder knap skut is.” Sy leun agteroor en skuif effens nader aan hom. „Waar het jy geleer? Is dit daarom dat hulle jou hierheen gestuur het?”

„Ek het maar net die slag. Dit is bloot toeval

dat ek vir hierdie werk gebruik word." Hy kyk na haar. Hy skuif sy arm om haar skouers en trek haar nader. „Wie is *hulle* wat jou dit gesê het?"

„Ludi het my iets van jou vertel toe hy my gebel het. Hy het ook gesê dat ek maar sy naam mag gebruik. Hy het maar net verduidelik dat jy iemand moet skiet en dat ek moet saamkom as motief vir jou teenwoordigheid hier."

Hy druk sy lippe op hare. Haar arms skuif om sy nek. Maar sy oë is oop. Hy kyk na die pad se kant toe. Twee seuns kyk in hulle rigting. Hulle lag. Malenki kan sien dat hulle die een of die ander aanmerking maak, maar hy kan natuurlik nie hoor wat hulle sê nie. Hulle stap verby.

Hy leun terug. Haar oë is koel op syne.

„Jy neem jou werk ernstig op," sê sy bedaard. „Kon jy nie miskien 'n bietjie meer gevoel aan die dag lê nie."

„Moenie verspot wees nie." Hy lag effens verontskuldigend. „Jy weet waarom ons hier is. Wat het Ludi jou nog vertel?"

„Niks."

„Ja, dit is ook dom van my om te vra. Jy sal tog nie vir my sê nie."

„Maar dit is so. Ek weet niks van wat aangaan nie. Ek ken een meisie — en nou het ek jou ontmoet. Verder is dit maar net Ludi wat met my in aanraking bly. Ek verstaan darem dat 'n groepie van ons eersdaags bymekaar sal kom."

„Dit is so. Daar is groot verwikkelinge."



„Is dit in verband met die Internasionale Konferensie?"

„Hoe moet ek weet? Heel waarskynlik."

„Het Ludi jou iets van my vertel?" vra sy.

Hy skud sy kop. Hy trek haar weer nader en leun met sy kop op haar skouer. By die blonde kapsel verby hou hy die straat dop.

„Ek dink ek sal die motor effens moet verskuif."

„Maar as jy nie weet wie jy moet skiet nie, hoe —?"

„Dit is nie íémand sodanig nie," antwoord hy, verdiep in sy berekenings. „Daar sal 'n motor om die draai kom. Ek moet sorg dat dit oor die afgrond stort. Dit is maar al."

„Maar hoe sal jy weet watter motor as hulle jou niks verder vertel het nie?"

„Ek weet watter soort motor dit is. Daarvan het ek volle besonderhede. Ek sal ook gewaarsku word 'n minuut of wat voordat dit verskyn."

Hy skakel die motor aan. Hy trek effens terug en dan weer vorentoe. Hy skep die indruk dat hy verder agter die groot struik probeer inry. Enigeen wat hulle dophou, sal maar net aflei dat hulle 'n jong paartjie is wat in die laat namiddag skuiling soek teen nuuskierige oë. In werklikheid het Malenki die motor so gedraai dat hy loodreg deur die agterste venster op die pad kyk waar dit om die hoë wal te voorskyn kom.

Dit is stil hier teen die hang van Duiwelspiek

waar De Waalweg van die suidelike voorstede af na Kaapstad loop. Hulle kan die hawe onder hulle sien en die hoofpaaie uit die middestad is swaar belaai met die namiddagverkeer. Soos stringe kruipende miere beweeg die motors stadig en loop die stad leeg — almal is haastig huis toe vir die rus ná die dag se werk.

Die inwaartse verkeer is maar skraal. Eers later in die aand sal baie van dié wat nou huis toe gaan vir ete, terugkeer na die vermaaklikheidsplekke.

De Waalweg bestaan uit 'n dubbele rybaan. Teen die helling van Duiwelspiek loop die enkelrigtingbaan uit die stad veel laer as die baan na die stad. Waar Malenki sy motor geparkeer het, is die berg uitgekap omdat die pad daar opgevul is en is daar nou 'n gelykte waar talle paartjies saans kom stilhou omdat hulle van hier oor die duisende liggies van die stad kan kyk.

Op die draai waar hulle die motor die eerste sal sien, is die regterbaan ongeveer sestig voet bokant die linkerbaan. Die val tussenin is amper loodreg. Deels is dit met rots en sement opgebou, maar deels bestaan dit uit die natuurlike graniet.

„Maar as die motor daar op die draai van die pad afry," sê Sanka, „sal dit op die onderste baan val — in die pad van die verkeer wat in die teenoorgestelde rigting beweeg."

„Dit is heel waarskynlik wat sal gebeur." Malenki haal sy skouers op. Met sy linkerhand vroetel hy in haar hare. „Dit is nie ons saak nie."



„En die uitgaande verkeer is nou besonder druk," sê sy weer.

„Hinder dit jou?"

„Natuurlik nie." Sy glimlag. Haar lippe is effens grof vir haar andersins beeldskone gelaat. Haar ooglede sak half toe — dit verskuil die uitdrukking in haar oê. Maar hulle is wakker en wêreldwys. Hulle is kalm en in 'n mate berustend — dit is die oë van iemand wat bevele gehoorsaam — wat dade verrig in so 'n onpersoonlike hoedanigheid dat dit haar gewete en haar gevoelens onaangeraak laat.

„Ek hou net nie van doellose en onnodige verkwisting nie," sê sy onverskillig. „Dit is dieselfde wanneer ek net een lig op 'n slag in my woonstel laat brand. As ek in die eetkamer is, brand die lig in die kombuis sonder doel — as ons nou iemand uit die weg moet ruim, behoort dit 'n skoon, felle slag te wees — die nadraai: vier, vyf motors op die onderste baan mag getref word, dit laat my altyd voel dat die werk slordig gedoen is."

Hy lag. Net 'n oomblik helder sy skerp gelaatstrekke op. Alles aan Malenki Sukof is lank en skraal. Sy bewegings is soos die kronkeling van 'n slang — selfs as hy omkyk om die pad deur die agterste venster dop te hou, is dit asof sy hele liggaam saam rol.

„Wat was jy voordat hulle jou opgelei het — 'n filosoof?"

„Miskien is dit juis daarom dat ek aangesluit het."

„Wanneer het hulle jou na Suid-Afrika gestuur?"

„Dit was met die groot reëns in die jaar toe die sprinkane . . . "

„Jy leer vinnig." Malenki haal sy skouers op. „Dit is soos die Bantoe in hierdie land praat — dié wat nog nie geswik het onder die juk van beskawing nie. Jy leer ook vir my. Ek vra te veel vra, nè?"

„Dit is nie die vrae nie." Sy glimlag — sy leun nader en 'n halfminuut lank druk hulle lippe opmekaar — styf en formeel en koud. „Dit is die antwoorde," sê sy toe sy terugsit.

Malenki voel hier onder die sitplek. Hy trek die hefboompie en die leuning val terug sodat dit gelyk met die agterste sitplek is.

„Diegene wat nou dalk al opgemerk het dat ons mekaar se geselskap so aangenaam vind, sal seker nie verbaas wees as ons besluit om ons verder te versteek nie." Onderwyl hy praat, lê Malenki voluit op sy rug met sy kop teen die agterste leuning. Maar dan met 'n beweging wat by sy kop begin en soos in 'n lang wurm na sy voete toe rol, draai hy op sy maag om. Hy skuif die geweer tot langs hom.

Sanka het sy voorbeeld gevolg. Dit is die eerste keer dat sy so intiem saam met een van haar kollegas verkeer. Haar hele opleiding het daarop



berus dat sy na hierdie land moet kom om 'n normale lewe te lei, maar om tog gedurig gereed te wees om die onverstaanbaarste bevele sonder aarseling en sonder twyfel te gehoorsaam. Tog is dit soms moeilik om die belangstelling in dinge — of nuuskierigheid — wat maar deel van elke mens se natuur is, te bedwing. Nogtans het sy nie veel vrae gevra nie, maar sy kon nie begryp hoe Malenki Sukof van plan is om hierdie dodelike wapen ongemerk te gebruik nie. Sy hou hom noukeurig dop.

Hy skuif die agterste leuning 'n goeie ses duim opsy. Vantevore het sy 'n paar keer daarna gekyk, maar glad nie gemerk dat dit nie heeltemal pas nie — nou besef sy dat hierdie motor vooraf ingerig is vir die doel waarvoor dit gebruik moet word.

Waar hy die leuning weggeskuif het, druk Malenki die loop van die geweer in. Tot haar verbasing verdwyn die wapen halfpad daarin. Sy hoor 'n geluid soos dié van 'n deksel wat opgaan en dan sien sy hoe Malenki aanlê.

„Doodreg." Hy glimlag. Hy sit sy regterarm om haar skouers en trek haar tot teen hom. „Kyk, jy kan die pad duidelik sien."

Sy loer oor die visier teen die loop af. Met die loop van die geweer het Malenki die dekseltjie waar die brandstofpyp behoort te wees, oopgestoot. Sy kan dus nou by die agterste sitplek verby skuins deur die kattebak en aan die kant daarvan

deur die ronde opening die draai sien waarom die motor sal kom. Malenki sal hier kan lê en op sy gemak na die motor skiet. Hy is heeltemal onsigbaar en as gevolg van die klankdemper sal die skoot nie gehoor word nie.

„My rok kreukel," merk sy op. „Is dit nodig dat ons selfs hier met ons verliefdheid moet voortgaan?"

Hy stut sy bolyf op sy arms. Hy loer na alle kante toe, maar sien niemand in die nabyheid van die motor nie. 'n Paar voertuie suis oor die teerpad 'n entjie links van hulle verby.

„Dit is nie nodig nie," gee hy toe. „Jy sal net af en toe ook moet uitkyk. Iemand mag naderkom en ons sal hom nie gewaar voordat hy by die motor inkyk nie."

Hy korrel weer na die draai. Die motors kom met 'n taamlike snelheid daarom. Dit is afdraand na die stad toe en die gemiddelde motoris is geneig om maar 'n bietjie aan te stoot aangesien die pad oop is en dit net eenrigtingverkeer dra.

Wanneer sy prooi om die draai kom, sal die motor se gewig na die buitekant toe — na die afgrond se kant — beur. Hy moet dus die regtervoorwiel tref. Is die motor té na aan die binnekant van die draai, mag die bestuurder dalk daarin slaag om te verhoed dat dit van die pad af loop. Maar hy twyfel daaraan of die man dit sal regkry, want volgens wat aan hom verduidelik is, sal die koeël ontplof sodra dit die band tref en 'n gedeelte



van die band heeltemal weg skiet. Daar is geen kans dat die wiel geleidelik sal pap word nie.

Hy ruk die slot oop. Die geweer is gelaai — daar is drie koeëls in die magasyn. Hierdie lang, nou kissie is daardie oggend by sy losieshuis afgelewer. Die motor is kort ná die middag met die sleutels onder die sitplek daar gelaat. Hy het maar net sy instruksies van Ludi ontvang — waar die geweer en die motor vandaan kom, weet hy nie. Hy is 'n skrynwerker by die Spoorweë — hy is al jare lank daar en dit is nou sy eerste taak. Hy sou graag vir Sanka 'n paar vrae wou vra, maar hy weet nie of sy hom die waarheid sal vertel nie — miskien is Sanka nie eens haar eie naam nie. Hy ken haar posisie nie — dalk is sy saam met hom gestuur om te kyk hoe hy optree. Maar Ludi het hom ook gesê dat hulle binne 'n paar dae iemand uit hul vaderland sal ontmoet. Daar sal hy van sy kollegas leer ken. Malenki weet dat die een of die ander groot onderneming voor die deur staan — die deel wat hy vanmiddag moet uitvoer, is seker maar net die begin. En as hy sy medewerkers in Suid-Afrika ontmoet, beteken dit heel waarskynlik ook dat hulle kort daarna teruggeroep sal word huis toe. Dit is vir hom taamlik vanselfsprekend, want die omstandighede waarin hulle werk, is sodanig dat hulle geen aanraking met hul eie mense mag hê nie. As die reël dus gebreek word, kan dit maar net beteken dat hulle nie langer in hierdie land